# GESKIEDENISONDERRIG VIR STANDERD TIEN: 'N NUWE DIDAKTIESE BENADERING

Janis van der Westhuizen

Dit is dikwels aangevoer dat Geskiedenis op skool as eensydig aangebied word. Die nuwe Geskiedenissillabus wat verlede jaar geïmplementeer is, het hierdie ou vete egter tot 'n ongekende spits gedryf. [1] Vanuit akademiese kringe is die objektiwiteit van die Geskiedenisonderrig op skool met groot kommer ernstig bevraagteken.

Om dié rede word daar op die oomblik 'n beroep op die owerhede gedoen om indringend die Geskiedenissillabus te evalueer en te hersien. Weens die feit dat ek verlede jaar die veel besproke Geskiedenisvraestel geskryf het, wil ek enkele ingrypende voorstelle aan die hand doen ten einde ons leerlinge nie net as historici op te lei nie, maar ook staatsburgerlik objektief te vorm.

Die huidige didaktiese benadering in die Geskiedenisklas laat egter veel te wense oor. Omdat die meerderheid leerlinge dit ervaar as net nog 'n vak met 'n angswekkende hoeveelheid feite wat gememoriseer moet word ten einde matrikulasievrystelling te verkry.

Dit is egter ironies dat 'n vak wat jou leer omtrent jou kulturele mens-wees in dié opsig so verwaarloos word. Bitter min skoolvakke is so relevant en aktueel juis soos Geskiedenis. Die teorie dat die geskiedenis homself herhaal, moet net so 'n integrale deel van die sillabus word soos die analise van oorsaak en gevolg.

Indien leerlinge só gestimuleer word, sal dit duidelik bewys word dat hulle outomaties meer krities en evaluerend sal redeneer. Dit sal grootliks daartoe bydra dat die "papagaaisindroom" veral omtrent Blanke leerlinge afneem.

Daar behoort gereelde groepbesprekings omtrent 'n aspek van die behandelde werk gehou te word. Soos daar punte toegeken word aan praatjies in die tale, moet Geskiedenisleerlinge ook punte verdien vir hulle bydraes tydens die besprekings. Hierdie groepbesprekings kan aangewend word soos die akademiese rooster dit toelaat, maar ten minste eenmaal per week. Die betrokke leerlinge sal ook so tot selfstandige denke aangespoor word.

Maar hierdie geleenthede tot verbeterde onderrig sal futiel wees indien leerlinge nie blootgestel word aan die mening van alle betrokke partye in 'n geskil nie. Dit beteken dat die geskiedenis soos gesien vanuit 'n Blanke oogpunt, gelyke status moet beklee met die geskryf vanuit byvoorbeeld 'n pan-Afrikaanse. Deur so 'n Geskiedenishandboek aan te beveel, sal die geskiedenis in sy korrekte perspektief gestel word. 'n Goeie voorbeeld van geskiedenismites is dat Swartmense van nature swak landbouers is, sowel as 'n tekort aan ondernemingsgees het. [2] Hoeveel mense weet dat daar teen 1890 tussen 1 000 tot 2 000 progressiewe kommersiële Swart boere in die Noordoos-Kaap was wat self hul plase gekoop het, en wat tot ongeveer 3 600 akker groot was? [3]

Dit word beweer dat die Slag van Bloedrivier vir beide kultuurgroepe emosionele letsels gelaat het en dat dit nie bloot as objektief weerspieël kan word nie. As dit die geval is, hoe verklaar mens dit dat die Anglo-Boereoorlog, wat nog groter letsels gelaat het op die verhouding tussen Afrikaners en Engelse, vandag nie in hulle pad staan om in harmonie saam te leef nie?

Die waarde van hierdie voorgestelde didaktiese benadering kan gesien word veral in die lig van twee bewerings: Eerstens, die feit dat hierdie benadering leerlinge aanmoedig tot kritiese ingesteldheid en selfstandige redenasie en gevolglik latere tersiêre studies vergemaklik.

In dié verband sal dit ook van waarde wees om universiteite ook inspraak te laat lewer by die formulering van die betrokke sillabus.

Die sillabusinhoude sal egter verminder moet word om hierdie didaktiek as grondslag suksesvol te laat funksioneer. Dit beteken nie noodwendig dat die akademiese standaard of gehalte van die werk verwaarloos hoef te word nie. Die aspekte van die geskiedenis wat nie van soveel historiese belang is nie, word net nie voorgeskryf nie. 'n Goeie voorbeeld hiervan in die voorgeskrewe (sic!) Joubert/Britshandboek is die oorbeklemtoning van ekonomiese ontwikkeling en veral die periode 1948 tot 1970. So ook die keuse tussen vier temas, nl. Latyns-Amerika, die Midde-Ooste, China en Afrika wat op 'n roterende basis elke jaar behandel word. Myns insiens moet Afrika 'n hoë prioriteit geniet op grond van die feit dat Suid-Afrika onlosmaaklik deel is van Afrika. Ons land word eerstens deur Afrika beïnvloed en daarna deur bogenoemde drie moondhede.

Ten tweede verbeter die metode die staatsburgerlike vorming van leerlinge. Omdat leerlinge die geleentheid gebied word om hulle eie opinies te lug ten opsigte van hetsy die Samesmelting, die hervormings van Chroetsjof of Lenin of buite-parlementêre organisasies, word hulle politieke geletterdheid ontwikkel. Ek kan uit persoonlike ervaring daarvan getuig dat matrikulante byvoorbeeld wel hul menings omtrent die behandelde werk wil lug, maar dat hulle nie toereikende geleentheid daartoe gebied word nie omdat die besonder druk akademies kalender dit nie toelaat nie.

Daarbenewens word daar voortdurend gewaak dat "politiek" nie op skool gepraat word nie om "indoktrinasie" te voorkom. Maar redenerende leerlinge sal uiteraard vanself waak teen "indoktrinasie". Waar die sg. "indoktrinasie" wel plaasgevind het, was dit die betrokke onderwysers wat juis hulle opvoedkundige verantwoordelikhede versuim deur die onderwerp subjektief en egosentries vir hul leerlinge aan te bied.

Myns insiens is dit die onderwysowerhede se verantwoordelikheid om die Geskiedenissillabus so saam te stel sodat politieke indoktrinasie voorkom word, dog leerlinge se oënskynslike apatie te vervang met empatie. Politieke geletterdheid behoort juis by die jeug ontwikkel te word ten einde hulle in staat te stel om as ingeligte burgers sinvol deel te hê aan die politieke bestel en ontwikkeling van hulle land. Dit is ironies om te weet dat sommige stemgeregtigde matrikulante geen idee het waarvoor, waarom of waaroor hulle moet stem nie. Vergelyk bloot maar hierdie politieke apatie van ons Blanke leerlinge met die gesofistikeerde politieke geletterdheid van hulle Swart eweknieë. Dit is dus vanselfsprekend waarom hierdie saak die dringende aandag van die owerheid verg.

Slegs 'n herskepte Geskiedenisonderrigprogram, losweg gebaseer op dit wat ek voorgestel het, sal daartoe lei dat 'n nuwe geslag redenerende jongmense die beroepswêreld ingestuur word om hul man te kan staan as waardige burgers van ons land.

### VERWYSINGS


1. *The Sunday Star*, 1987-11-22.
2. Louw, L. & Kendall, F.: *The Solution*, p. 3.
3. Ibid., p. 10.